NUUSBRIEF MAART 2026

Goeie dag

Sedert ons as gesin 30 jaar gelede in Junie 1996 na Madagaskar verhuis het, was daar vele verwikkelings. In 2005 moes ons noodwendig terugkeer na SA en het dit geblyk dat die werk nie kan voortgaan nie. Die Here het egter heel nuwe deure in 2006 en 2007 oopgemaak wat later jare tot onverwagte en veel groter hoogtes gelei het. Dit het uitgeloop op die volgende:

👉 die kerkplantingsprojek met 6 spanne van noord tot suid - elk met 'n mandaat van 4 jaar in hul gebiede

👉 opleiding van lekeleiers in die afgeleë kerkplantingsareas, en

👉 die verspreiding van die Bybel.

Die werk is op dreef en brei uit - nuwe spanne word toegerus, en God se Koninkryk neem verdere gestalte aan. Ons is ook betrokke by 3 etniese groepe wat nog met die Evangelie bereik moet word. Dit is ‘n grootse geleentheid en verantwoordelikheid.

Tasbare tekens van hoop

Onlangs is ’n groot vrag van 279 kg evangelisasie- en opleidingsmateriaal voorberei in Johannesburg en - merkwaardig genoeg - op dieselfde vlug as ek op 4 Februarie na Madagaskar vervoer. Die vrag is met groot sorg hanteer deur International Trade and Transport Agents wat 30 jaar gelede die eerste sendingvrag na Madagaskar hanteer het, en deur die jare deurlopend bewys het dat hulle diens uitmuntend lewer. Die onverwagse en vinnige verdwyning van sikloon Fytia het bg. vlug moontlik gemaak het.

Voorts het die Here mooi onderneem en kon ons die jaar afskop met die aankoop van 992 Bybels en die verspreiding daarvan fasiliteer. Dis 'n goeie begin om dan die teiken van 5,000 Bybels vir die jaar te bereik.

🧑‍🤝‍🧑 Spanne kom saam

Waar ek en my Malgassiese assistent elke kwaartaal die verskillende spanne gaan besoek, het ons nou tydens my onlangse werksbesoek vir die eerste keer al ses kerkplantingspanne na Antananarivo laat kom vir hul opleiding, verslae en ander pligte.

Pastoor Claude, die Afrika-direkteur wat in Wes-Afrika bly was ook vir die eerste keer daar om alles te beleef en almal te ontmoet.



Die ses kerkplantspanne met al die lede behalwe een lid wat weens die vloede nie kon uitkom nie. Die Afrika- en Madagaskar ditekteur staan langs my op regterkant.

Tydens ons vergadering het 'n nuwe sikloon, Gezani, die dele van die ooste en veral die hawestad 'n week later baie hard geslaan en die ergste skade en sterftes in baie jare veroorsaak. 'n Tragedie was toe die sikloon die kerkgebou van ons een kerkplantlid wat laasjaar sy mandaat voltooi het die nag verwoes en die 5 persone gedood het wat daarin gaan skuil het nadat hulle huise verwoes is. Die pastoor en sy gesin het toe in die bosse gaan skuil en is hulle huis kort daarna toe ook verwoes. Die begrafnisse is verby en is mense besig met die lang taak van herstel en heropbou.

🏍️ Ongeluk - ons een jarelange spanleier Pastoor Andry was op 4 Februarie op sy motorfiets in 'n ongeluk met 'n vragmotor in Mahajanga waar die passasier se ystervoetrus die bokant van sy kuit ingedring het toe die motorfiets tydens die ongeluk op hom geval het en vasgepen het - en sy groot aar afgesny het.



Pastoor Andry en Wolf



Een van die besendings Bybels wat ek onlangs in Februarie in Madagaskar aangekoop het

Posbus 22035 Vishoek 7974 • Maandag-Vrydag 08:00-13:00
Tel: 087 822 1527 • E-pos: kerkkantoor@ngvishoek.co.za
Webblad: www.ngvishoek.co.za

Voetgangers moes die motorfiets van hom af oplig en die voetrus uit sy been trek. Die ergste kon gebeur het as sy been ook sou gebreek het en hy nie naby 'n sendinghospitaal was waar hy onmiddelik geopeer is nie. Daar was steeds inwendige bloeding wat toe 'n verdere en groter operasie benodig het. Hy loop nog steeds met krukke en die motorfiets is afgeskryf.



Die ses kerkplantspanne met al die lede behalwe een lid wat weens die vloede nie kon uitkom nie. Die Afrika- en Madagaskar ditekteur staan langs my op regterkant.

Een van die kerkplantingspanne met van die Bybels en kartondose en die opleidingsmateriaal onder regs. Die Afrika direkteur, Pastoor Claude staan regs.

🙏 Bid saam saam vir:

* wysheid en ywer vir die kerkplantinspanne, en al die logistieke om hulle werk moontlik te maak.
* en dat die werk nie deur storms — natuurlik of andersins — gestuit sal word nie.
* die genesing van pastoor Andry en hy weer sy werk kan hervat en ook vir 'n nuwe motorfiets.
* vir insig vir my om na behore die werkslading te evalueer om te sien wat is die prioriteite en wat kan wag, vir wysheid en die regte keuses, werkstukke effektief te hanteer en ook genoeg liggaamskragte en energie - en genoeg slaap ook. Bid ook vir die mense met wie ek interaksie het dat hulle ook op die regte tyd die nodige reaksie en insette sal lewer. Belangrike dinge is op die spel en ons beplan gereeld verder.
* planne en fondse vir die vekryging van nog Bybels. Ons het R175,500 waarmee ons sover al 350 Bybels kan aankoop. Dit help al. Bid ook vir die Bybels om in die hande te kom van God se keuse en dit met vrug en seën gelees sal word.

Groot dankie vir julle handevat en saamspan en so meehelp om die werk te laat geskied.

"Seën- en sendinggroete — mag God steeds bou, selfs wanneer storms woed."

Wolf Cilliers.

.